



DIE ROSEKRANS

Heresa Vuyra
1988



Afbeelding op die voorblad;
ONSE LIEWE VROU VAN GOEIE HOOP
Beskernheilige van Afrikaanse Katolieke

Met vergunning van die kunstenaar Theresa Currin-Vieyra

DIE ROSEKRANS

V/ Leier | *R*/ Almal

HOE OM DIE ROSEKRANS TE BID?

Begin die Rosekransgebed deur die klein krusifiks wat aan die krale geheg is te soen en die KRUISTEKEN te maak, terwyl u bid:

V/ In die naam van die Vader,
en van die Seun, en van die Heilige Gees.

R/ Amen.

Bid nou die APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS:

Ek glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde; en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, onse Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die Maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is; wat neergedaal het na die doderyk, die derde dag weer opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel, die lewende en die dode. Ek glo in die Heilige Gees, die Heilige Katolieke Kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergewing van sondes, die wederopstanding van die vlees en die ewige lewe. Amen.

By die daaropvolgende kraletjie word die **ONSE VADER-
GEBED** gebid:

Onse Vader, wat in die hemel is, laat u naam geheilig word; laat u koninkryk kom, laat u wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons, ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Amen.

By die volgende drie kraletjies word die **WEES GEGROET-
GEBED** telkens vir die intensies van die pous gebid:

Wees gegroet, Maria, vol genade, die Here is met u. Geseënd is u onder die vroue en geseënd is Jesus, die vrug van u skoot. Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars, nou en in die uur van ons dood. Amen.

Nà die laaste een van dié drie kraletjies word die **EER AAN
DIE VADER-GEBED** gebid:

Eer aan die Vader, en aan die Seun, en aan die Heilige Gees. Soos dit in die begin was, so ook nou en altyd, tot in alle ewigheid. Amen.

Beginnend by die medalje word die **EERSTE
GEHEIMENIS** (vgl. Bl. 8-10) wat bepeins word aangekondig.

Hierna volg die **ONSE VADER-GEBED** (nog by dieselfde kraletjie) en daarna word die volgende tien kraletjies met **TIEN WEES GEGROET-GEBEDE** afgebied. Die ritmiese aard van dié gebed bly gefokus op die heilige naam van Jesus en so word die hart verhef en die verstand verlig.

Ná die tiende kraletjie word die **EER AAN DIE VADER-GEBED** gebied en dan word die dekade van dié spesifieke geheimenis as volg met die **FATIMA-GEBED** afgesluit:

O my Jesus, vergewe ons, ons sondes, red ons van die vuur van die hel. Lei alle siele na die hemel toe, veral dié wat u barmhartigheid die meeste nodig het.
Amen.

Die **TWEEDE** en **ALLE DAAROPVOLGENDE GEHEIMENISSE** (vgl. Bl. 8-10) word op dieselfde wyse gebied. Wanneer al die geheimenisse van 'n spesifieke groep gebied is kan daar óf voortgegaan word met die **VOLGENDE GEHEIMENISREEKS** óf kan die **Rosekransgebed** met een van die **VOLGENDE GEBEDE**, gekies ooreenkomstig **DIE GEPASTE SEISOEN**, afgesluit word:

WEES GEGROET HEILIGE KONINGIN

DIE SALVE REGINA

Hierdie gebed word gewoonlik tydens **DIE GEWONE TYD** van die **JAARKRING** gebied.

V/ Wees gegroet Koningin,
Moeder van barmhartigheid;

R/ ons lewe, ons vreugde en ons hoop, wees gegroet!
Tot u roep ons, verbanne kinders van Eva, tot u
smeek ons wat sug en ween in hierdie tranedal. Rig
dan, o Voorspreekster, op ons u barmhartige oë en
toon aan ons na hierdie ballingskap, Jesus, die
geseënde Vrug van u skoot. O genadige, o liefdevolle,
o beminde Maagd Maria.

V/ Bid vir ons, o heilige Moeder van God.

R/ Dat ons die beloftes van Christus waardig mag
word.

V/ Laat ons bid: o God, u eniggebore Seun het deur
sy lewe, dood en opstanding vir ons die loon van die
ewige lewe verkry.

R/ Gee dat ons, nadat ons die geheimenisse van die
heilige Rosekrans van die geseënde Maagd Maria
oordink het, mag navolg wat hulle inhou, en verkry
wat hulle belowe; deur Jesus Christus, onse Here.
Amen.

KONINGIN VAN DIE HEMEL

DIE REGINA CÆLI

Hierdie gebed word gewoonlik tydens die PAASTYD gebed.

V/ Koningin van die hemel, verheug u! Halleluja!

R/ Want Hy, wat u waardig was om te dra, halleluja!

V/ Het opgestaan soos Hy gesê het, halleluja!

R/ Bid vir ons tot God, halleluja!

V/ Verheug u en verbly u, Maagd Maria, halleluja!

R/ Want die Here het waarlik opgestaan, halleluja!

V/ Laat ons bid:

R/ God, U wat dit nodig geag het om die wêreld te verbly deur die opstanding van u Seun, onse Here Jesus Christus, ons smee U: Laat ons deur sy Moeder, die Maagd Maria, die vreugde van die ewige lewe verkry. Deur [dieselfde] Christus, onse Here. Amen.

V/ Bid vir ons, o heilige Moeder van God.

R/ Dat ons die beloftes van Christus waardig mag word.

V/ Laat ons bid: o God, u eniggebore Seun het deur sy lewe, dood en opstanding vir ons die loon van die ewige lewe verkry.

R/ Gee dat ons, nadat ons die geheimenisse van die heilige Rosekrans van die geseënde Maagd Maria oordink het, mag navolg wat hulle inhou, en verkry wat hulle belowe; deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

WEES GEGROET HEMELKONINGIN

DIE AVE REGINA CÆLORUM

Hierdie gebed word gewoonlik tydens die VASTYD gebid.

V/ Wees gegroet Hemelkoningin;

R/ wees gegroet, Vorstin van die Engele; wees gegroet, o Wortel; wees gegroet, o Poort, waaruit die Lig vir die wêreld opgestaan het. Verheug u, roemvolle Maagd, bo almal verhewe; gegroet u, vol skoonheid, en bid tot Christus vir ons. Amen.

V/ Bid vir ons, o heilige Moeder van God.

R/ Dat ons die beloftes van Christus waardig mag word.

V/ Laat ons bid: o God, u eniggebore Seun het deur sy lewe, dood en opstanding vir ons die loon van die ewige lewe verkry.

R/ Gee dat ons, nadat ons die geheimenisse van die heilige Rosekrans van die geseënde Maagd Maria oordink het, mag navolg wat hulle inhou, en verkry wat hulle belowe; deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

MOEDER VAN DIE VERLOSSER

DIE ALMA REDEMPTORIS MATER

Hierdie gebed word gewoonlik tydens die ADVENTSTYD gebid.

V/ Liefdevolle Moeder van die Verlosser, hemelpoort en ster van die see, staan u gevalle volk by soos ons probeer om weer op te staan.

R/ Die natuur staan verwonderd oor die feit dat u die Skepper kon dra en steeds 'n maagd bly. U, wat Gabriël se blye begroeting ontvang het, ontferm u oor ons, arme sondaars. Amen.

V/ Bid vir ons, o heilige Moeder van God.

R/ Dat ons die beloftes van Christus waardig mag word.

V/ Laat ons bid: o God, u eniggebore Seun het deur sy lewe, dood en opstanding vir ons die loon van die ewige lewe verkry.

R/ Gee dat ons, nadat ons die geheimenisse van die heilige Rosekrans van die geseënde Maagd Maria oordink het, mag navolg wat hulle inhou, en verkry wat hulle belowe; deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

Die Rosekrans word afgesluit met die KRUISTEKEN.

DIE VIER GEHEIMENIS-REEKSE

WAT TYDENS DIE BID VAN DIE ROSEKRANS
OORPEINS WORD.

Daar is vier reekse geheimenis-reekse; DIE BLYE GEHEIMENISSE, DIE LYDINGSGEHEIMENISSE, DIE GLORIERYKE GEHEIMENISSE en DIE LIGRYKE GEHEIMENISSE.

EEN GEHEIMENIS-REEKS moet ten minste volledig gebid word.

DIE BLYE GEHEIMENISSE

Word op Maandae & Saterdag gebid.

- DIE 1^{STE} BLYE GEHEIMENIS
DIE ENGEL BRING DIE BOODSKAP AAN MARIA.
- DIE 2^{DE} BLYE GEHEIMENIS
MARIA BESOEK ELISABET.
- DIE 3^{DE} BLYE GEHEIMENIS
JESUS WORD IN DIE STAL GEBORE.
- DIE 4^{DE} BLYE GEHEIMENIS
JESUS WORD IN DIE TEMPEL AAN GOD OPGEDRA.
- DIE 5^{DE} BLYE GEHEIMENIS
JESUS WORD IN DIE TEMPEL TERUGGEVIND.

DIE LYDINGSGEHEIMENISSE

Word op Dinsdae & Vrydae gebid.

- DIE 1^{STE} LYDINGSGEHEIMENIS
JESUS BID IN DOODSANGS TOT SY HEMELSE VADER.
- DIE 2^{DE} LYDINGSGEHEIMENIS
JESUS WORD GEGÉSEL.
- DIE 3^{DE} LYDINGSGEHEIMENIS
JESUS WORD MET DORINGS GEKROON.
- DIE 4^{DE} LYDINGSGEHEIMENIS
JESUS DRA SY KRUIS NA GOLGOTA.
- DIE 5^{DE} LYDINGSGEHEIMENIS
JESUS STERF AAN DIE KRUIS.

DIE GLORIERYKE GEHEIMENISSE

Word op Woensdae & Sondae gebid.

- DIE 1^{STE} GLORIERYKE GEHEIMENIS
JESUS STAAN OP UIT DIE DODE.
- DIE 2^{DE} GLORIERYKE GEHEIMENIS
JESUS VAAR OP NA DIE HEMEL.
- DIE 3^{DE} GLORIERYKE GEHEIMENIS
DIE HEILIGE GEES DAAL NEER OP DIE APOSTELS.
- DIE 4^{DE} GLORIERYKE GEHEIMENIS
MARIA WORD IN DIE HEMEL OPGENEEM.
- DIE 5^{DE} GLORIERYKE GEHEIMENIS
MARIA WORD IN DIE HEMEL GEKROON.

DIE LIGRYKE GEHEIMENISSE

Word op Donderdae gebid.

- DIE 1^{STE} LIGRYKE GEHEIMENIS
DIE DOOP VAN ONSE HERE IN DIE JORDAANRIVIER.
- DIE 2^{DE} LIGRYKE GEHEIMENIS
DIE OPENBARING VAN ONSE HERE BY DIE HUWELIKS-
FEES TE KANA.
- DIE 3^{DE} LIGRYKE GEHEIMENIS
DIE VERKONDIGING VAN DIE KOMS VAN GOD SE RYK
EN DIE OPROEP TOT BEROU EN BEKERING.
- DIE 4^{DE} LIGRYKE GEHEIMENIS
DIE GEDAANTEVERWISSELING VAN ONSE HERE.
- DIE 5^{DE} LIGRYKE GEHEIMENIS
DIE INSTELLING VAN DIE HEILIGE EUCHARISTIE.